



BEKOORLIKE KLOSKANT (SLOT)

Ons sluit in dié uitgawe van *ROOI ROSE* af met ons gewilde reeks oor die maak van kloskant. Leer nou hoe om die allerfynste kantlappie te maak

Diegene wat navrae in verband met die Dreeks het, kan gerus aan die volgende adresse skryf of skakel: Mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort, 1724 (tel. (011) 763-3175) of Mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724 (tel no. (011) 760-1429). Dié twee dames het die reeks lesse vir *ROOI ROSE* saamgestel en bied ook lesse in die maak van kloskant aan.

KLOSKANTTERME

Kruis (cross) – linkerklossie oor regterklossie

Draai (twist) – regterklossie oor linkerklossie

Linnesteek (whole stitch) – kruis; draai; kruis

Dubbele halwe steek (whole stitch; twist) – kruis; draai; kruis; draai

Halwe steek (half stitch) – kruis; draai

Torchon – 1e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai

Torchon – 2e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai; DRAAI

LES 7: KANTLAPPIE

BENODIGDHEDE: DMC-gare of Coats no. 40-hekelgare, 23 pare klossies – 13 pare met 3,5 m gare (1,75 m per klossie), 4 pare met 2,5 m gare (1,25 m per klossie), 1 weefpaar met 11 m gare (5,5 m per klossie), 2 weefpare met 5 m gare (2,5 m gare per klossie), 4 pare met 1,5 m gare (75 cm per klossie). Fotostateer patroon op uitvoulblad en plak op dun karton.

Steke: Grondsteek - dubbele halwe steek; speld; dubbele halwe steek (d.w.s. kruis; draai, kruis, draai, speld, kruis, draai; kruis; draai) – Spinnestee (pote word 3 keer gedraai; lyf in linnesteek) – Hartjie (in linnesteek) – Waaier (in linnesteek) – Versiering aan kroon van waaier – Begin

van ry: Weefpaar en 1e paar 1 keer gedraai. Werk dubbele halwe steek met 1e paar; werk res van pare in linnesteek. Gee weefpaar 'n ekstra draai en speld. – Einde van ry: Werk linnesteek terug tot voor laaste paar. Draai weefpaar 1 keer en werk dubbele halwe steek met laaste paar.

Stap 1

Hang die 13 pare met 3,5 m gare om elk van opstelkopspelde A tot K.

Hang die 4 pare met 2,5 m gare om opstelkopspelde O, P, Q, en N.

Hang 1 weefpaar met 11 m gare om opstelkopspeld A.

Hang 2 weefpare met 5 m gare om opstelkopspelde L en M.

Hang die 4 pare met 1,5 m gare om opstelkopspelde R, S, T en U.

Stap 2

Begin by waaier 1 soos op die diagram op die uitvoulblad aangedui. Klos die 1e waaier.

Stap 3

Werk punte X, Y en Z van die 1e spinne-

kop en dan die 1e spinnekop. Onthou om die opstelkopspele uit te trek tot by punt H.

Stap 4

Werk die grondsteek by punte I, J, K en L van regs bo na links onder, ry vir ry. Trek die opstelkopspele uit.

Stap 5

Werk waaier 2 en punte X, Y en Z van die 2e spinnekop en dan die 2e spinnekop.

Stap 6

Werk vanaf punt M die helfte van die hartjie linnesteek. Werk linnesteek met die weefpaar M en die paar wat van die grond kom. Gee die weefpaar 'n ekstra draai en plaas die kopspele net onderkant M. Volg nou die werkllyn na regs met die weefpaar. Neem pare in en laat pare uit net soos voorgeskryf vir die linnesteek in les 6 (ROOI ROSE van 19 Julie 1989). Let wel: daar word nie 'n paar uitgelaat by die diepste punt van die hartjie se kloof nie.

Stap 7

Werk die grond tussen die hartjie en waaier 3 en spinnekop 3.

Stap 8

Werk waaier 3 en punte X, Y en Z van spinnekop 3 en dan spinnekop 3.

Stap 9

Werk die 2e helfte van die hartjie in linnesteek met dieselfde weefpaar wat gebruik is vir die 1e helfte. Let wel: Die laaste speldpunt van die 1e hartjie word soos volg geklos.

Die laaste 2 paar klossies van die hartjie: werk linnesteek. Laaste kopspele word ingestee en sluit dan die kopspele met dieselfde paar in dubbele halwe steek. Hier vind 'n wisseling van weefpare plaas. Die paar wat om kopspele L gehang het, het deur die kant geweef en dien nou as weefpaar vir die 2e hartjie. M se weefpaar werk hartjie 3 en L se weefpaar werk weer hartjie 4.

Stap 10

Werk grond voor spinnekop 4.

Stap 11

Werk waaier 4 en punte X, Y en Z van spinnekop 4 en werk dan spinnekop 4.

Stap 12

Werk waaier 5 en die grond voor die skuinslyn.

Stap 13

Al die pare wat na die volgende kwart deurgaen, moet 1 keer gedraai word.

Stap 14 (hoek)

Met die weefpaar heel links aan die einde van waaier 5, werk soos volg: Die weefpaar is 2 keer gedraai en die 1e paar is 1 keer gedraai. Werk dubbele

halwe steek met die 2 pare. Werk 1 linnesteek met die volgende paar.

Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopspele in op punt W. Werk linnesteek met die volgende paar en dubbele halwe steek met die laaste paar. Gee die weefpaar 'n ekstra draai en steek die kopspele in op punt A (dit is die 1e kopspele van die volgende waaier). Draai die kussing sodat die 2e kwart van die vierkant voor jou is. Werk die 2e kwart soos die 1e kwart. Hou aan om die kussing te draai na elke kwart totdat die einde presies teen die begin pas.

Stap 15 (afhegting)

Al die pare aan die einde van die 4e kwart moet 1 keer gedraai wees. Haal die 1e kopspele aan die begin van die selfkant uit. Haak die draad van die 1 klossie deur die lus wat gevorm is deur die kopspele, sodat daar 'n 2e lus gevorm word.

Steek die ander klossie van die paar deur die 2e lus en trek die klossies styf. Knoop die paar 2 keer. Heg ook die 1e paar aan die regterkant so af en knoop 2 keer. Heg al die pare tussenin af en knoop 2 keer. Sny die klossies af en haal die kopspele uit. Werk die los drade weg. Stoompars liggies.

Foto 1



Foto 2



Foto 3



Foto 4



Foto 5



Foto 6